13 Februarie 1 Petrus 5:1-11, (Teks: 5:8)

'n Brullende leeu

Hy is een van die groot vyf. Besoekers aan die wildtuine van ons land meet die sukses van hulle besoeke aan die hoeveelheid leeus wat hulle gesien het. Die koning van die diere word deur Petrus gebruik om ons teen ons aartsvyand, die Satan, te waarsku. Leeus het eienaardige gewoontes. Gewoonlik word die wyfies gebruik om niksvermoedende prooi aan te keer na die plek waar die groot maanhaarleeus hulle voorlê. Die prooi kan ook by watergate ingewag of waar hulle wei bekruip word, Wanneer die leeu bloedstollend brul, is dit net voor die doodsprong om daarmee sy prooi van skrik te verlam en die vangs te vergemaklik.

Wanneer die Heilige Gees ons waarsku: *Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind,* moet ons, veral as jong mense, nie met die sonde eksperimenteer in die waan dat ons sterk is in die geloof en nie die Duiwel ten prooi sal val nie. Teen die tyd dat ons die leeu hoor brul, is dit al te laat. Dan is ons reeds verlam en 'n maklike prooi!

"God weerstaan hoogmoediges, maar aan nederiges gee Hy genade. Onderwerp julle dan aan God. Staan die duiwel teë en hy sal van julle afwegvlug. Nader tot God en Hy sal tot julle nader" (Jakobus 4:7,8).

Laat ons dan nie hoogmoedig in ons geloof en godsdiens wees nie. Kom ons nader tot Christus en sy genadetroon en bly waaksaam.

Sing: Psalm 7:1 Ds. F.J. du T. Lessing (Nelspruit)